



MEDIA RELEASE

19 June 2024

DE DOORNS WATER SUPPLY CHALLENGE

Op 22 Mei 2024 het die Hexvallei-Watergebruikersvereniging (HWV) die BVM ingelig oor die beperkte beskikbaarheid van rou water vanaf 3 – 17 Junie 2024, weens die koppeling van die nuwe toevoerlyn wat deur die HWV behartig word. Die beskikbaarheid van rou water toevoer na die De Doorns Waterbehandelingsaanleg was dus met 50% verminder, met die gevolg dat onderbroke voorsiening aan die reservoir en eindgebruikers, veral De Doorns Oos, De Doorns Wes en Stofland, ontstaan het.

Op 14 Junie 2024 het die HWV die BVM ingelig dat die verwagte voltooiingsdatum na 20 Junie 2024 hersien moes word weens tegniese probleme tydens die koppeling van die nuwe toevoerlyn. Op grond van die hersiene voltooiingsdatum, voorsien die BVM dat onderbroke watervoorsiening sal voortduur tot 22 Junie 2024, aangesien die reservoir na geskikte bergingsvlakke hervul moet word voordat 'n volle diensvlak hervat kan word. Hervulling mag eers begin nadat die nuwe toevoerlyn suksesvol gekoppel is. Die BVM sal verseker dat die geaffekteerde inwoners voldoende ingelig word rakende die vordering van die koppeling, moontlike verdragings en daaropvolgende mitigerende maatreëls wat geïmplementeer sal word waar nodig.

In die interim is 'n 35 000l watertenker na De Doorns ontbied, wat tans by die De Doorns Brandweerstasie gestasioneer is vir strategiese en veiligheidsredes. Inwoners mag die De Doorns Brandweerstasie besoek om water met hul eie houers te vul. Verder is 'n kleiner 5 000l watertenker op 'n rotasie-basis ontbied om hoër-liggende geaffekteerde areas van Stofland (vanaf 8ste Laan tot 1ste Laan, hoogste tot laagste punt), Donkerhoek, Lubisi en Weltevrede te bedien. Water word direk aan geaffekteerde huishoudings in die genoemde gebiede afgelewer. Die tenker se voorsieningskapasiteit word op 2 ure beraam, waarna dit na die primêre tenker sal terugkeer vir hervulling, voordat direkte watervoorsiening vanaf die laaste voorsieningspunt hervat sal word.

Inwoners kan gerus wees dat die water wat vanaf beide watertenkens voorsien word, gereeld getoets word om veilige menslike verbruik te verseker. Die water is veilig om te drink. Ons vra om verskoning vir die ongerief wat in hierdie verband veroorsaak word, maar verseker die gemeenskap dat ons voortdurend met die HWV in gesprek tree om die herinstelling van die volle diensvlak so gou as moontlik te verseker.

Issued by the BVM Media & Communications office.

Media enquiries: **John Bulani** (Snr. Communication Officer)
(023) 348 2621 / Cell: 061 499 3353 / jbulani@bvm.gov.za

Hannelie Botha (Support Officer: Electronic Media)
(023) 348 2806 / Cell: 061 499 3353 / hbotha@bvm.gov.za